Posbus 3185 • Swartstraat 5 • Lichtenburg • 2740

**Tel:** 018 632 3612/3624/2987
**E-pos:** marlize@agrinw.co.za • hessie@agrinw.co.za • wanda@agrinw.co.za

AGRI NW

4 Augustus 2025

**MEDIAVRYSTELLING: UITSPRAAK - MELADORA HOFSAAK**

Agri NW is van meet af betrokke by die Meladora hofsaak en het vandag met gemengde gevoelens kennis geneem van die uitspraak wat deur die Grondwetlike Hof gelewer is.

Hiermee 'n basiese opsomming van die beslissing, met goedkeuring van Moolman & Pienaar Ingelyf, wat die saak aangevoer het.

1) Die aanhou van vee is nie 'n outomatiese reg waarop werkers, bewoners of huurders kan aanspraak maak nie.
2) Sodra toestemming verleen word om vee aan te hou, word die reg, 'n reg wat onder ESTA beskerm word. Let daarop dat <u>toestemming stilswyend kan ontstaan as daar nie opgetree word teen persone wat sonder toestemming begin om vee op 'n plaas aan te hou nie.</u>
3) Sodra die reg om vee aan te hou, 'n ESTA reg word op grond van uitdruklike en/of stilswyende toestemming soos hierbo, sal die eienaar so reg moet kanselleer ooreenkomstig Artikel 8 van ESTA en eers dan, en by nakoming van die vereistes in regstappe, kan vra vir verwydering van die vee.
4) Die hof het nie beslis dat die aanhou van vee 'n outomatiese reg is nie, maar kommerwekkend bevind dat die deur oop is vir iemand om in die toekoms dit te kom aanvoer. Dit was nou geweier omdat die argument vir die eerste keer in die Grondwetlike hof ge-opper was. Dit beteken nie dat so punt in die toekoms sal slaag nie, maar dit laat steeds risiko en regsonsekerheid oor die kwessie.

Agri NW het reeds aan al sy lede voorstelle gekommunikeer hoe om die toegewing van vee aanhouding in die toekoms, maar ook terugwerkend te hanteer.

Dit is kommerwekkend dat daar 'n toenemende poging is om die regte van grondeienaars te bevraagteken tot voordeel van ander. Dit is ook duidelik dat 'n groter span van lede, vennote en ondersteuners nodig sal wees om hierdie verskerpte aanslag af te weer.

Kontak ons gerus vir verdere inligting.

**UITVOERENDE HOOFBESTUUR**
**NAVRAE: 082 776 8283**

**Dagbestuur**
**President:** Willem De Chavonnes Vrugt – 082 946 2303
**Vise-President:** Gideon van Zyl – 082 944 0600
**Vise-President:** Daan van der Merwe – 083 453 9706
**Uitvoerende hoofbestuurder:** Naudé Pienaar – 082 776 8283